## 24 November | Haggai 1:12-15

### *Plaas God eerste deur te luister na sy Woord*

24 dae na die oproep van die Here op die volk om hulle prioriteite reg te stel, antwoord die volk deur op 21 September ywerig met die bouwerk aan die tempel te begin. Wat het hierdie reaksie in die harte van die volk bewerk? Vers 12 gee die antwoord: Die volk het die Woord van die Here ter harte geneem. Hulle was met ontsag vervul omdat hulle dit as die Woord van die Here erken en aanvaar het en deur die Heilige Gees is hulle met ywer aangevuur om die bouwerk te begin. In vers 13 beloof die Here tog: Ek is by jou. In Christus tel Hy my op en deur sy Gees versterk Hy my. Hoe stel ek my prioriteite reg in my lewe? Deur te erken en te aanvaar dat God deur sy Woord oor my lewe regeer en dat ek in gehoorsaamheid voor Hom in sy Woord moet buig. Want deur na die Here te luister, werk die Heilige Gees ook in my die wil, die lus en die krag om my eie lewe ondergeskik te stel aan die Here en Hom in alles eerste te stel. Dan doen ek my werk omdat dit 'n roeping van die Here is. Dan het ek my huweliksmaat dienend lief omdat die Here dit so wil hê. Dan voed ek my kinders gelowig op omdat God my so beveel. Hoe gaan jou lewe oor 24 dae lyk noudat jy die Woord van God gehoor het? Hoe antwoord jy op die Here se oproep?

Sing: Psalm 119:7

Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)